

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE



EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

UITGAWE OP GESAG.

10c

Vrydag 1 Mei 1970

WINDHOEK

Friday 1 May 1970

No. 3071

INHOUD

CONTENTS *Bladsy/Page*

ONTWERPORDONNANSIE:

DRAFT ORDINANCE:

Munisipale Wysigingsontwerpordonnansie 1970 . . .

Municipal Amendment Draft Ordinance, 1970 . . . 460

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene
nligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Draft Ordinance is published for general
information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), om voorsiening te maak vir die opdra van verdere funksies, pligte en bevoegdhede aan bestuurskomitees; om die tydperk te verander waarbinne 'n stadsmerk verslag moet doen oor toevallige vakatures; om die bevoegdheid van die raad ten opsigte van betrekkinge gesubsidieer deur die Administrasie uit te brei; om die bepalings ten opsigte van die ontslag deur die raad van sekere amptenare te wysig; om die bepalings ten opsigte van die toestaan van lenings en subsidies en die maak van toekennings en skenkings te wysig; en om vir aanverwante aangeleenthede voorsiening te maak.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:-

Wysiging van artikel 6 van Ordonnansie 13 van 1963.

1. Artikel 6 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), hierna die hoofordonnansie genoem, word hierby gewysig —

(a) deur die volgende subartikels na subartikel (1) in te voeg:-

„(1A) Behoudens die bepalings van subartikel (1B) kan die raad sodanige verdere funksies, pligte en bevoegdhede aan die bestuurskomitee opdra met of sonder sodanige beperkings of voorwaardes soos die raad goed ag.

(1B) Enige opdrag ingevolge die bepalings van subartikel (1A) is onderworpe aan die voorafverkreë goedkeuring van die Administrateur en aan sodanige voorwaardes soos hy goed ag om in verband daarmee op te lê en die Administrateur kan by skriftelike kennisgewing aan die betrokke raad te eniger tyd enige sodanige opdrag herroep: Met dien verstande dat geen sodanige herroeping die uitoefening te goeder trou van enige sodanige opdrag voor sodanige herroeping ongeldig maak nie.”;

(b) deur in subartikel (3) —

(i) die woord „oordra” deur die woord „opdra” te vervang;

(ii) die volgende woorde na die woorde „sodanige bestuurskomitee” in te voeg:-

„: Met dien verstande dat geen funksie, plig of bevoegdheid wat ingevolge die bepalings van subartikel (1A) deur die raad aan die bestuurskomitee opgedra is aan enige persoon of ander komitee opgedra mag word nie”.

Wysiging van artikel 24 van Ordonnansie 13 van 1963.

2. Artikel 24(1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „so gou moontlik” deur die woorde „binne veertien dae” te vervang.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), to provide for the delegation of further functions, duties and powers to management committees; to alter the period within which a town clerk shall report upon extraordinary vacancies; to extend the powers of the council in respect of posts subsidised by the Administration; to amend the provisions in respect of the dismissal by the council of certain officers; to amend the provisions in respect of granting of loans and subsidies and the making of grants and donations; and to provide for incidental matters.

—

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

1. Section 6 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), hereinafter called the principal Ordinance, is hereby amended —

Amendment of
section 6 of
Ordinance 13
of 1963.

- (a) by the insertion after subsection (1) of the following subsections:-

“(1A) Subject to the provisions of subsection (1B) the council may delegate such further functions, duties and powers to the management committee with or without such restrictions or conditions as the council deems fit.

(1B) Any delegation under the provisions of subsection (1A) shall be subject to the prior approval of the Administrator having been obtained and to such conditions as he deems fit to impose in connection therewith, and the Administrator may by written notice to the council concerned at any time revoke any such delegation: Provided that no such revocation shall invalidate the exercise in good faith of any such delegation before such revocation.”;

- (b) (i) by the substitution in the Afrikaans text of subsection (3) for the word “oordra” of the word “opdra”;

- (ii) by the insertion in that subsection after the word “decide” of the following words:—

“: Provided that no function, duty or power delegated by the council to the management committee in terms of subsection (1A) shall be delegated to any person or other committee”.

2. Section 24(1) of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the words “as soon as possible” of the words “within fourteen days”.

Amendment of
section 24 of
Ordinance 13
of 1963.

Wysiging van artikel 148 van Ordonnansie 13 van 1963 soos gewysig by artikel 3 van Ordonnansie 5 van 1964.

3. Artikel 148 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (1) (d) deur die volgende paragraaf te vervang:-

„(d) ten opsigte van betrekkinge gesubsidieer deur die Administrasie, die goedkeuring van die Administrateur vooraf verkry is vir die totale aantal sodanige betrekkinge;”;

(b) deur in subartikel (4) die woorde „en enige hoof van 'n departement” deur die woorde „en enige werknemer wat in ontvangs is van besoldiging gelyk aan of hoër as die besoldiging van enige hoof van 'n departement by dieselfde raad”;

(c) deur in subartikel (6) —

(i) die kommapunt aan die einde van paragraaf (b)(vi) deur 'n punt te vervang;

(ii) paragraaf (c) deur die volgende subartikel te vervang:-

„(6A) 'n Werknemer van die raad kan op staande voet ontslaan word as hy, onderwyl hy in 'n voltydse hoedanigheid by die raad in diens is, sonder die toestemming van die raad, regstreeks of onregstreeks werksaam is in enige besigheid, beroep, ambag of amp, of sonder die toestemming van die raad enige werk teen besoldiging uitvoer anders as in sy hoedanigheid as werknemer van die raad of as 'n kiesbeampte.”.

Wysiging van artikel 174 van Ordonnansie 13 van 1963.

4. Artikel 174(6)(a) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die dubbelpunt aan die einde van subparagraaf (v) deur 'n kommapunt te vervang en die volgende subparagraaf daarna in te voeg:-

„(vi) die finansiering van enige lening ingevolge artikel 233(1)(b):”.

Wysiging van artikel 232 van Ordonnansie 13 van 1963.

5. Artikel 232(1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die punt aan die einde van paragraaf (b) deur 'n kommapunt te vervang en die volgende paragraaf daarna in te voeg:-

„(c) enige openbare vervoerdiens ingestel binne die munisipale gebied deur enige persoon, korporasie of maatskappy subsidieer.”.

Wysiging van artikel 233 van Ordonnansie 13 van 1963 soos gewysig by artikel 2 van Ordonnansie 37 van 1967 en artikel 1 van Ordonnansie 11 van 1968.

6. Artikel 233(4)(d) van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende paragraaf vervang:-

„(d) Die prys bedoel in paragraaf (a) word bepaal alvorens enige bedrag van die lening aan die verbandskuldenaar uitbetaal word en moet wees die werklike koste van die grond wat sodanige verband verseker en 'n bedrag, soos deur die raad en die verbandskuldenaar ooreengekom, wat die waarde verteenwoordig van die permanente verbeterings wat op sodanige grond opgerig is of opgerig staan te word: Met dien verstande dat as daar enige permanente verbeterings aangebring word wat nie ten tye van die bepaling van sodanige prys in berekening gebring is nie, die waarde van sodanige verbeterings soos bepaal deur 'n waardeerder van die raad, min sodanige waardevermindering van hoogstens vyf persent per jaar soos deur bedoelde waardeerder bepaal, bygevoeg moet word by die oorspronklike bepaalde prys en sodanige nuwe prys is die prys soos bedoel in paragraaf (a).”.

3. Section 148 of the principal Ordinance is hereby amended —

Amendment of section 148 of Ordinance 13 of 1963 as amended by section 3 of Ordinance 5 of 1964.

(a) by the substitution for subsection (1)(d) of the following paragraph:-

“(d) in respect of posts subsidised by the Administration the prior approval of the Administrator has been obtained for the total number of such posts;”;

(b) by the substitution in subsection (4) for the words “and any head of a department” of the following words:-

“and any employee in receipt of remuneration equal to or higher than the remuneration of any head of a department with the same council”;

(c) by the substitution in subsection (6) —

(i) for the semicolon after paragraph (b)(vi) of a full stop;

(ii) for paragraph (c) of the following subsection:-

“(6A) An employee of the council may be summarily dismissed if he, while employed by the council in a full-time capacity, engages directly or indirectly, without the consent of the council, in any business, profession, trade or calling or, without the consent of the council, undertakes any work for remuneration otherwise than in his capacity as an employee of the council or as an electoral officer.”.

4. Section 174(6)(a) of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the colon at the end of subparagraph (v) of a semicolon and the insertion thereafter of the following subparagraph:-

Amendment of section 174 of Ordinance 13 of 1963.

“(vi) the financing of any loan under section 233 (1)(b):”.

5. Section 232(1) of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the full stop at the end of paragraph (b) of a semicolon and the insertion thereafter of the following paragraph:-

Amendment of section 232 of Ordinance 13 of 1963.

“(c) subsidise any public transport service established within the municipal area by any person, corporation or company.”.

6. The following paragraph is hereby substituted for section 233(4)(d) of the principal Ordinance:-

Amendment of section 233 of Ordinance 13 of 1963 as amended by section 2 of Ordinance 37 of 1967 and section 1 of Ordinance 11 of 1968.

“(d) the price referred to in paragraph (a) shall be determined before any amount of the loan is paid out to the mortgagor and shall be the actual cost of the land secured by such mortgage and an amount, agreed upon between the council and the mortgagor, representing the value of the permanent improvements erected or to be erected on such land: Provided that if any permanent improvements are effected which were not taken into account at the time of the determination of such price, the value of such improvements as determined by a valuator of the council less such depreciation of value not exceeding five per centum per year as determined by the said valuator, shall be added to the price determined originally and such new price shall be the price referred to in paragraph (a).”.

Wysiging van artikel 241 van Ordonnansie 13 van 1963 soos gewysig by artikel 10 van Ordonnansie 29 van 1965.

7. Artikel 241(1)(e) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende subparagraaf na subparagraaf (vii) in te voeg:-

„(viii) enige ander organisasie of liggaam wat vooraf deur die Administrateur goedgekeur is;”.

Wysiging van artikel 271 van Ordonnansie 13 van 1963.

8. Artikel 271 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende woorde in te voeg na die woord „ordonnansie” waar dit vir die eerste keer voorkom:-

„of van enige ander wet wat van krag is in die munisipale gebied”.

Kort titel.

9. Hierdie Ordonnansie heet die Munisipale Wysigingsordonnansie 1970.

7. Section 241(1)(e) of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after subparagraph (vii) of the following subparagraph:-

Amendment of section 241 of Ordinance 13 of 1963 as amended by section 10 of Ordinance 29 of 1965.

“(viii) any other organisation or body previously approved by the Administrator;”.

8. Section 271 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after the word “Ordinance” where it occurs for the first time of the following words:-

Amendment of section 271 of Ordinance 13 of 1963.

“or of any other law in force in the municipal area”.

9. This Ordinance shall be called the Municipal Amendment Ordinance, 1970.

Short title.

